Enkele adolessente seuns se belewing van die dood van ’n ouer en die ondersteuning aan hulle

Jennobia Kock en Ansie Lessing

Jennobia Kock, Departement Sielkundige Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika
Ansie Lessing, Departement Sielkundige Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Die doel van die navorsing waarop hierdie artikel gegrond is, is ingebed in die navorsingsvraag: Wat was die belewing van adolessente seuns van die dood van ’n ouer en watter ondersteuning het hulle ontvang in die verwerking van hulle hartseer? Vyf seuns is doelgerig geselekteer om aan ’n kwalitatiewe fenomenologiese navorsingprojek deel te neem. ’n Verskeidenheid tegnieke is gebruik vir die insameling van die inligting. Die individuele semigestruktureerde onderhoude wat met die seuns oor die dood van ’n ouer gevoer is, is aangevul deur ’n fokusgroeponderhoud waartydens hulle gereflekteer het op ’n collage wat hulle oor hulle belewing van die dood van ’n ouer gedoen het. Bepaalde insluitingkriteria is toegepas, en alhoewel die geslag van die oorledene nie gespesifiseer is nie, het al die seuns ’n moeder aan die dood afgegee. ’n Teoretiese raamwerk en literatuurkontrole is aan die hand van ’n literatuurstudie verkry en die empiriese inligting wat ingesamel is, is op ’n kwalitatiewe wyse verwerk om tot ’n slotsom te kom. Die seuns het aangedui dat die dood van hulle moeders ’n lewensveranderende gebeurtenis was; dat hulle ’n emosionele stryd gevoer het na die dood van hulle moeders; dat hulle ’n mate van ondersteuning van vriende en familie ontvang het; dat hulle dikwels hulle rou alleen wou hanteer; dat hulle ’n voortgesette band met hulle moeders behou het; dat hulle ’n groter verantwoordelikheidsin ontwikkel het; en dat insig in hulle eie en ander se emosies verdiep het. Die bevindinge toon kenmerke van die tradisionele sowel as die hedendaagse benadering tot die rouproses: die adolessente het deur die fases van die rouproses gegaan, maar het ook aangedui dat hulle ’n nuwe benadering tot die lewe verkry het wat gebaseer is op hulle veranderde omstandighede en die strewe na ’n voortgesette band met die afgestorwene.

Trefwoorde: hartseer; lewensveranderende gebeurtenis; ondersteuning; rouproses; woede

Abstract

Experience of a few adolescent boys regarding the death of a parent and the consequent support to them

The purpose of the research on which this article is based, is embedded in the research question: What was the experience of adolescent boys of the death of a parent and of the support they received to cope with their grief? A theoretical framework and literature control were obtained by a literature study and the empirical information that was collected was processed to reach a conclusion.

The death of a parent is one of the most painful and disrupting experiences for a child. It is important that a child be supported during the mourning process to prevent prolonged grief disorder, complicated or traumatic mourning which is characterised by emotional numbness, feelings of emptiness, decreasing self-awareness, confusion about one's personal role in life, detachment from others, problems regarding acceptance of loss and beliefs in a futile future (McClatchey and Wimmer 2012:32; McClatchey, Vonk, Lee and Bride 2014:70; Schaal, Richter and Thomas 2014:476). The peer group and the people in the environment of the adolescent (the micro-system) play an important role in supporting the bereaved.

The theoretical perspectives of mourning and loss are distinguished in a traditional point of view (Freud, Bowlby and Kubler-Ross) and a contemporary point of view (Stroebe and Schut, as well as Neimeyer). The outcomes of this research show aspects of both the traditional and contemporary approach to the process of mourning: the adolescents went through the various phases of the mourning process, but it was also clear that they had gained a new approach to life that was based on the changing circumstances and the desire to maintain a bond with the deceased.

The acceptance of the death and consequent loss of a loved one is an ongoing process and the adolescent gradually becomes able to accept the loss and becomes empowered to continue with life. This process takes place in a specific eco-systemic context where there is consistent interaction among systems, people and the environment (Bronfenbrenner 1977:514). The dynamics in the immediate environment of a person contribute to development, whether positive or negative (Berns 2013:16) and can play an important role in supporting the adolescent child of a deceased parent.

The five adolescent boys that were chosen to be part of the research were regarded as the best participants because they all had lost a parent through death and were talking from their own experience, therefore being able to make the best contribution regarding the purpose of the research (Bernard 2000:176; Whitely and Crawford 2005:110). The boys were scholars at a secondary school in the rural area of the Western Cape and were living in a previously disadvantaged area for coloured people – an area subjected to large-scale social and economic challenges such as poverty, unemployment, crime, violence, and alcohol and drug abuse. A qualitative, phenomenological approach was used in the research.

A variety of techniques was used to collect the information. The individually semi-structured interviews with the boys were supplemented by a focus group interview during which they reflected on a collage which they had done on their experiences. Specific inclusive criteria

were applied and although the gender of the parent was not specified, all the boys had lost a mother through death.

Qualitative thematic coding was utilised to analyse the data which was obtained from the individual interviews, collages and the focus group discussion (Leedy and Ormrod 2010:136; Shenton 2004:73; Wertz 2005:170). Description and broader themes were deduced from the data by means of segmentation and marking of the text (Creswell 2008:245; Hennink et al 2011:217). The participants' collages were initially analysed individually to obtain themes according to the pictures and headings (words) used to compile the collages. These themes were confirmed or rejected by means of information supplied by the participants in the focus group regarding their collages. The recurring themes acquired by all three of the data-collecting techniques were processed into sub-themes.

Two categories are distinguished as a result of the research question, namely: (1) the personal experiencing of the death of the parent and (2) the support that was given to the grieving adolescent. Four themes emerged from the research: the experiencing of the day of the death, emotions during the first few months/year after the death, the mechanisms the boys used for dealing with their loss, and the influence of the death of the parent on the health and school work of the boys.

One of the participants describes the day of the death as "No easy day". It was characterised by emotions and typical behaviour and thoughts: intense feelings of disbelief, brokenness, sadness, sorrow, loneliness, shock and rage, and this corresponds with the traditional perspective of bereavement. During the period after the death of the mother, emotions like wrath, anger, and sadness were experienced. Feelings of despair and questions in their minds were also present. The data revealed intense feelings of loneliness and yearning and it was particularly during special times and important occasions that their longing was intense. Three of the participants also referred to feelings of self-reproach, regret and guilt: the boys' fears and anxiety were referring mainly to the loss of motherly caring, cherishing and support.

The period of bereavement of the participants was characterised by a variety of mechanism for dealing with the situation, namely a positive outlook on life, spiritual convictions, insight into the occurrence and their own behaviour, sport, isolation, a bond with the deceased parent and talking about their loss. The boys indicated that they were inspired by the loss of their mothers to make better choices and to work harder to succeed in their school work. Some of the boys dealt with their loss in a negative manner by means of drug consumption and abusive behaviour, which had a direct negative effect on relationships with family and educators and also on their school work.

The adolescents indicated that they had a need to be on their own and withdrew from their friends and isolated themselves. They had the need for a place of peace and quiet after school hours.

The participants could freely talk about their emotions during the semi-structured individual interviews. They were not as open to talk about their collages during the focus group interview, but in spite of this uneasiness they experienced the session as an opportunity to talk about their loss. During the focus group they were supportive of one another and added value to one another's views and experiences. Although they regarded talking about their loss

as important, they found it difficult to show emotions in the presence of others who may ridicule or regard them as “sissies” should they cry. They also indicated that others may worry about them.

A second category of the research was the support afforded the adolescents by their immediate environment. Four themes emerged, namely support by their peers and friends, support by the teachers and other staff members, support by professional people and support by the family and extended family. There was no significant communication between the school and the surviving parent/guardian after the passing on of the one parent.

In conclusion: the boys indicated that the death of their mothers had a life-changing effect on them; that they were battling emotionally; that they received support from family and friends; that they often wanted to deal with their mourning on their own; that they continued to experience a bond with their deceased mothers; that they developed a greater sense of responsibility; and that insight into their own emotions and those of others had intensified. The outcome of this research could make a contribution in the field of educational psychology with regard to the experiencing of the adolescent boy of the death of a parent, as well as creating a consciousness by teachers of the distress of an adolescent during bereavement.

Keywords: anger; life-changing experience; mourning process; sorrow; support

1. Inleiding

Die dood van ’n ouer is een van die pynlikste en mees ontwrigtende belewenisse vir ’n kind en die gevolge van die verlies kan sosiale onttrekking, angs, aanpassingsprobleme, droefheid, vrees, laer vlakke van selfwaarde, min lewensvreugde en akademiese onderprestering behels (LaFreniere en Cain 2015:246). Die dood van ’n ouer kan as gevolg van faktore soos geografiese hervestiging, inkomsteverlies, die reaksie van ander familielede, gebrekkige stabiliteit en roetine en die afwesigheid van die belangrikste ondersteuningsfiguur tot lewensveranderende omstandighede vir die adolessent lei (LaFreniere en Cain 2015:246).

Dit is belangrik dat kinders in die rouproses ondersteun word om te voorkom dat die verlies aanleiding gee tot ’n toestand van voortdurende rou (Eng. PGD – prolonged grief disorder), gekompliseerde of traumatiese rou wat gekenmerk word deur emosionele afgestomptheid, ’n gevoel van sinloosheid van die lewe, verwarring oor ’n persoonlike rol in die lewe, verminderde bewustheid van die self, wantroue in ander mense, probleme met verliesaanvaarding en toekomsgerigtheid (McClatchey en Wimmer 2012:32; McClatchey, Vonk, Lee en Bride 2014:70; Schaal, Richter en Thomas 2014:476). Seuns word egter dikwels van jongs af aangemoedig om onafhanklik en selfonderhoudend te wees en hulle is gevolglik geneig om hulle emosies te onderdruk (Pollack 2006:190). Die portuurgroep en die mense in die onmiddellike omgewing van die adolessent (wat ’n mikrostelsel genoem kan word) het ’n belangrike rol in die ondersteuning.

Daar is heelwat internasionale navorsing gedoen met betrekking tot kinders en adolessente se belewing van die dood (Keenan 2014:20), maar min of geen spesifieke fokus word geplaas op adolessente seuns se belewing van die dood van ’n ouer, die proses van rouverwerking of

ondersteuning vanuit die mikrostelsel nie. Binne die Suid-Afrikaanse navorsingskonteks bestaan slegs enkele studies wat handel oor adolessente en die verlies van ’n ouer, met geen spesifieke verwysing na adolessente seuns se belewing van die dood van ’n ouer of ondersteuning nie. Navorsing oor die rouproses by kinders bestaan meestal uit retrospektiewe studies waarin volwassenes reflekteer op hulle belewing as kinders wat ’n ouer aan die dood afgestaan het (Nickerson, Bryant, Aderka, Hinton en Hofmann 2013:119; Schultz 2007:22).

Die navorsers se waarneming van adolessente seuns se agteruitgang (fisiek, emosioneel en akademies) na die dood van ’n ouer het belangstelling in die navorsing wat in hierdie artikel gereflekteer word, ontketen. Die belangstelling is verder versterk deur gesprekke met onderwysers oor kinders se hantering van die dood, en spesifiek die dood van ’n ouer en die gepaardgaande ondersteuning aan kinders wat sodanige verlies beleef. Een van die navorsers het deur haar verbondenheid as intern aan die betrokke skool ook bewus geword van ’n leemte ten opsigte van doodopvoeding (kennis van dood en die gepaardgaande emosies) in die kurrikulum vir lewensoriëntering. Die gevolgtrekking waartoe die navorsers gekom het, is dat daar oënskynlik ’n behoefte bestaan aan navorsing oor die belewing van seuns wat ’n ouer aan die dood afgestaan het. Alhoewel nie die fokus van die artikel nie, kan die bevindinge van die navorsing moontlik ’n bydrae lewer om die gaping ten opsigte van doodopvoeding in die kurrikulum vir lewensoriëntering te vul.

Die doel van die ondersoek is ingebed in die navorsingsvraag: Wat was die belewing van adolessente seuns van die dood van ’n ouer en watter ondersteuning het hulle ontvang in die verwerking van hulle hartseer? In hierdie artikel word verslag gedoen van ’n ondersoek na die belewing van enkele adolessente seuns van die dood van ’n ouer en hulle belewing van die ondersteuning wat hulle ontvang het.

2. Teoretiese raamwerk

Die teoretiese perspektiewe oor rou en verlies kan verdeel word in ’n tradisionele siening (Freud, Bowlby en Kübler-Ross) en ’n kontemporêre siening (Stroebe en Schut, asook Neimeyer). Volgens Freud (1957) het rou ’n spesifieke funksie, naamlik om gedagtes en gevoelens oor die afgestorwene deur intrapsigiese prosesse (Costello 2012:8) te ontrafel sodat die persoon wat rou kan voortgaan met die lewe (Archer 2011:45; Carr 2006:1093). Keenan (2014:23) sien die intrapsigiese proses as ’n stryd tussen aanvaarding van die verlies en ontkenning daarvan.

Bowlby (1969) formuleer sy teorie wat sterk gegrond is op psigoanalitiese denkwyses in terme van gehegtheid en rou en word beskou as die vader van die gehegtheidsteorie (Jeffreys 2005:37). Hy lê klem op die redes waarom mense aan mekaar geheg is en die gevolg van skeiding nie slegs tydens die kinderjare nie, maar ook oor die hele lewensiklus heen (Jeffreys 2005:37). Die moeder speel deur haar versorging ’n belangrike rol in die bindingsproses van die baba en bied ook die grondslag vir langtermyn geestelike welstand en die vermoë om verhoudings te vorm. Wanneer ’n primêre verbintenis tydens die vroeë kinderjare verbreek word (deur dood of egskeiding), kan die kind die pyn van verlies as lewensbedreigend ervaar (Garzouzie 2011:8), en gevolglik probleme ervaar om verhoudings te stig wat weer aanleiding tot emosionele en fisieke spanning gee (LaFreniere en Cain 2015:246).

Kübler-Ross (1969) het haar idees omtrent rou aan die hand van haar werk met terminaal siek pasiënte ontwikkel (Thompson 2012:22). Die fases van verwerking wat sy onderskei het, word vandag nog as die bekendste fases van rou en verlies beskou, naamlik skok en ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding (Jeffreys 2005:55-56; Thompson 2012:22).

Stroebe en Schut (1999) se eietydse (kontemporêre) tweeledige-proses-teorie is op twee prosesse gebaseer, naamlik die verlies-oriëntasie-proses en die restorasie-oriëntasie-proses (Thompson 2012:22). *Verlies-oriëntasie* verwys na die terugskouing deur die persoon op sy verlies en die kenmerkende gepaardgaande proses en optrede (wat hartseer en woede insluit), wat gevoelens van rou uitdruk (Thompson 2012:29). Hierdie gevoelens sluit ’n wye spektrum emosionele reaksies in, sowel as refleksie van en herinneringe en verlange na die afgestorwene en die dae voor die dood van die geliefde (Jeffreys 2005:58). Die verlies-oriëntasie-proses gaan gepaard met die restorasie-oriëntasie-proses, wat verband hou met die persoon se denke oor die lewe sonder die afgestorwene en die vooruitsig van die ontwikkeling van ’n gevoel van ’n nuwe identiteit en ’n nuwe benadering tot die lewe, gebaseer op die veranderde omstandighede (Jeffreys 2005:58; Keenan 2014:27; Thompson 2012:30). Die bedroefde beweeg volgens hulle persoonlike tempo tussen die twee oriëntasies en beweeg nader na die herstellende fase namate die rou verwerk word.

Volgens die betekenisherstruktureringsteorie wat aan die begin van die eeu deur Neimeyer (1998, 2001) ontwikkel is, ly ’n persoon wat ’n geliefde aan die dood afstaan, nie die verlies slegs van ’n persoon nie, maar ook van die betekenis wat die persoon aan sy lewe gegee het (Thompson 2012:30). Volgens die teorie herstruktureer bedroefdes hulle lewens deur die herskryf van hulle lewenstorie waarin nuwe betekenisse geskep word vir ’n veranderde verhouding met die afgestorwene. Dié benadering vereis dat daar na rou vanuit die perspektief van die bedroefde gekyk word; dit wil sê wat die dood van ’n geliefde vir ’n persoon binne ’n eie unieke verwysingsraamwerk beteken: wat beteken die dood vir die persoon; wat word uit die verlies geleer en hoe word by die nuwe omstandighede aangepas (Jeffreys 2005:60; Thompson 2012:31).

Die aanvaarding van die dood en verlies van ’n geliefde is ’n voortdurende proses waardeur die adolessent geleidelik tot ’n staat van aanvaarding van die verlies moet kom en gevolglik in staat raak om met die lewe voort te gaan. Hierdie proses vind in ’n bepaalde ekosistemiese konteks plaas waar stelsels, mense en die omgewing in ’n komplekse wisselwerking staan (Bronfenbrenner 1977:514). Die dinamiek in die onmiddellike omgewing van ’n mens dra by tot die verloop van ’n mens se ontwikkeling, hetsy ten goede of ten kwade (Berns 2013:16). Aanmoediging, versorging en koestering in die onmiddellike omgewing dra by tot hegte verhoudings en geborgenheid (Oswalt 2015:1) en kan bydra tot die verwerking van verlies.

Die adolessent staan, deur sy verhoudings met ander, sentraal in hierdie mikrostelsel van familie, vriende, skool, gemeenskap en die media. Tydens die adolessente jare begin kinders weg beweeg van die ouers af en vind hulle meer aanklank by die portuurgroep. Hulle strewe na onafhanklikheid en die ontwikkeling van ’n eie identiteit en verhoudings met ander mense (Louw en Louw 2007:309). Die portuurgroep word ’n belangrike bydraende faktor in die verhoudings, rolle en aktiwiteite van die adolessent (Berns 2013:253) en kan ’n groot rol speel in die ondersteuning van ’n adolessent wat ’n ouer aan die dood afgestaan het. In hierdie ondersoek is spesifiek gelet op ervarings in die mikrostelsel van adolessente seuns wat een van hulle ouers aan die dood afgegee het.

3. Navorsingsontwerp

3.1 Navorsingsmetode en -proses

'n Kwalitatiewe, fenomenologiese benadering (Leedy en Ormrod 2010:136; Whitely en Crawford 2005:108) is in die ondersoek gevolg. So 'n benadering lei tot betroubare inligting van beskrywende aard oor menslike belewing (Coolican 2006:97; Earey 2013:37) en beklemtoon en verklaar die subjektiewe betekenis, waarneming en belewing van 'n verskynsel wat ondersoek word (Giorgi 2005:77).

Drie fases van ondersoek is in die navorsingsproses gevolg, naamlik 'n literatuurstudie, die empiriese versameling van rou data oor die bepaalde verskynsel en die toepassing en interpretasie van die versamelde inligting om tot 'n slotsom te kom. 'n Toepaslike literatuurstudie kulmineer in 'n teoretiese raamwerk en lei nie slegs tot 'n verdieping van die navorsingsvraag nie, maar dra ook by tot die vertrouenswaardigheid van die navorsing. Die literatuurstudie versterk ook die navorsers se internalisering van die navorsingsvraag en insig in die navorsingsveld en die bevindinge van ander navorsers oor dieselfde onderwerp (Mouton en Marais 1992:24; Shenton 2004:63).

In dié kwalitatiewe navorsing is klem gelê op die noukeurige ontleding en beskrywing van die data wat verkry is, en deur die interpretering van die deelnemers se belewenisse het die navorsers betekenis aan die data toegeken (Corbin en Strauss 2008:245; Giorgi 2005:77). Die vyf deelnemende adolessente seuns wat doelgerig vir die navorsing gekies is, is beskou as die beste deelnemers omdat hulle uit eie ervaring kon praat en dus die onderwerp van navorsing die beste kon toelig (Bernard 2000:176; Whitely en Crawford 2005:110).

Die kriteria vir insluiting was: adolessente seun; skoolgaande; 'n ouer aan die dood afgestaan gedurende die tydperk Januarie 2009 tot Junie 2012; Afrikaans goed magtig; ouderdom tussen 14 en 17 jaar; en bereidwilligheid om aan die studie deel te neem. Die gekose vyf seuns het aan hierdie kriteria voldoen.

'n Verskeidenheid tegnieke is vir die insameling van inligting oor die deelnemers se belewing gebruik (De Vos 2005:346): semigestruktureerde individuele onderhoude, die samestelling van 'n collage oor hulle belewing, en 'n fokusgroepbespreking van die verskillende collages. Die deelnemers het hulle collages tydens die fokusgroeponderhoud bespreek en verduidelik. Die visuele materiaal (prente) is sodoende geverbaliseer en die deelnemers het konstruktief deur hulle verduideliking aan die ontleding van die data deelgeneem. Klankopnames van die onderhoude is woordeliks getranskribeer, waarna die inhoud met die deelnemers bevestig is en vergelyk is met die notas wat tydens die insamelingsproses gemaak is (Shenton 2004:74).

Verskeie tegnieke, soos aangedui deur Guba (Shenton 2004:63) is in die navorsing toegepas om die vertrouenswaardigheid van die kwalitatiewe data te versterk. Dit sluit die volgende in: die toepassing van 'n geskikte, algemeen-erkende navorsingsmetode en die verskaffing van ryk beskrywings van die verskynsel wat ondersoek is; triangulering van metodes deur 'n verskeidenheid van tegnieke; uitklaring van onsekerhede oor die bevindinge met die deelnemers; doelgerigte steekproefneming om die beste bydraes te verkry; onafhanklike ontleding van die rou data en bespreking van die kategorieë en temas wat na vore gekom het deur die navorsers; 'n literatuurkontrole waardeur die bevindinge met bestaande navorsing

vergelyk is; ’n gedetailleerde beskrywing van die navorsingsproses en objektiwiteit te alle tye.

Die nodige etiese maatreëls is gevolg wat onder andere die volgende insluit: anonimiteit, vertroulikheid, toestemming van die navorsingskomitee van die Kollege vir Opvoedkunde (Unisa) en toestemmingsbriewe van die ouers sowel as die deelnemers (Coolican 2006:203; De Vos 2005:57; Liamputtong en Ezzy 2005:42). Pseudonieme is in die aanteken van die inligting gebruik om die seuns se identiteit te beskerm.

3.2 Navorsingskonteks

Die navorsing waarop die artikel gebaseer is, het in ’n bepaalde konteks plaasgevind. Vyf adolessente seuns (14 tot 17 jaar oud) aan ’n sekondêre skool op ’n plattelandse dorpie in die Wes-Kaap is aan die hand van die insluitingskriteria deur onderwysers geïdentifiseer en by die navorsing betrek. Hierdie seuns is woonagtig in ’n voorheen benadeelde bruin woonbuurt wat gebuk gaan onder groot maatskaplike en ekonomiese uitdagings, onder andere armoede, werkloosheid, misdaad, geweld, en alkohol- en dwelmmisbruik. Uit die aard van die navorsingskonteks was die deelnemers lede van die bruin gemeenskap en het hulle uit armoedige huise gekom.

3.3 Verwerking van die data

Kwalitatiewe tematiese kodering is gebruik vir die ontleding van die data (Leedy en Ormrod 2010:136; Shenton 2004:73; Wertz 2005:170) wat uit die individuele onderhoudvoering, collages en die fokusgroepbespreking verkry is. In die ontleding is gefokus op die inhoud van die data (Hennink, Hutter en Baily 2011:243). Beskrywing en breë temas is deur die proses van segmentering en die merk van die teks uit die data verkry (Creswell 2008:245; Hennink e.a. 2011:217). Die volgende stappe is in die oopkoderingsbenadering van die onderhoude en fokusgroep gevolg ten einde orde, struktuur en betekenis aan die massa ingesamelde data te gee: (1) die deurlees van die totale transkripsie om ’n globale beeld van die data te verkry; (2) die herlees van die transkripsie om betekenisvolle eenhede te identifiseer wat met die navorsingsvraag verband hou; (3) reflektering op elke betekenisvolle eenheid in terme van die bydrae daarvan tot die verskynsel wat ondersoek word; en (4) sintetisering van die refleksies en afleidings tot ’n finale verslag wat die subjektiewe betekenis van seuns se belewing van die dood van ’n ouer verklaar (Babbie 2010:397; Corbin en Strauss 2008:245; Creswell 2008:245–6; Henning, Van Rensburg en Smith 2004:127).

Die collages van die deelnemers is aanvanklik individueel ontleed vir temas volgens die prente en opskrifte (woorde) wat geplak is. Hierdie temas is bevestig of verwerp deur die inligting wat in die fokusgroep deur die deelnemers oor hulle collages verstrek is. Die herhalende temas wat deur al drie die data-insamelingstegnieke (semigestruktureerde onderhoud, collage en fokusgroep) verkry is, is verwerk tot subtemas vir besprekingsdoeleindes. In die beskrywing van die bevindinge is die onderskeie temas en subtemas deur aanhalings uit die onderhoude gestaaf en aan die hand van bestaande literatuur geëvalueer.

4. Bevindinge

4.1 Biografiese inligting

Toepaslike inligting aangaande die deelnemers word in tabel 1 verskaf.

Tabel 1 Bekendstelling van deelnemers

	Ouderdom	Graad	Oorsaak van die dood	Gesinsopset
Victor	15 jaar	10	Moeder is skielik dood as gevolg van ’n hartaanval.	Woon by grootouers; geen kontak met vader.
Kurt	16 jaar	8	Moeder is skielik dood as gevolg van ’n hartaanval.	Een van vier kinders in ’n hersaamgestelde gesin. Goeie verhouding met stiefmoeder.
Steve	16 jaar	8	Moeder het longkanker gehad, maar is onverwags dood.	Een van twee biologiese kinders. Woon saam met vader by hulle tante. Swak verhouding met die vader.
Gavin	16 jaar	8	Moeder is skielik dood as gevolg van ’n hartaanval.	Een van drie kinders. Hy woon by sy tante, en sy sussies by sy stiefpa. Geen kontak met stiefpa.
Ashley	14 jaar	8	Moeder het TB gehad en was in ’n versorgingsoord waar sy na ’n siekbed gesterf het.	Een van vyf kinders, van wie twee halfsusters is. Ouers is geskei toe hy ses jaar oud was en albei ouers was betrokke in saamblyverhoudings. Ashley woon tans by sy suster en hy het ’n goeie verhouding met sy biologiese pa.

Vier van die vyf deelnemers was in graad 8 en een in graad 10 toe hulle moeders gesterf het. Drie van die seuns was 16 jaar oud, terwyl die ander twee onderskeidelik 14 en 15 jaar oud was. Alhoewel dit nie ’n insluitingskriteria was nie, het al die adolessente hulle moeder aan die dood afgestaan en in vier van die vyf gevalle was dit ’n onverwagse sterfte.

4.2 Bevindinge

Twee kategorieë word aan die hand van die navorsingsvraag onderskei, naamlik: (1) die persoonlike belewing van die ouer se dood en (2) ondersteuning (mikrostelsel: gesin en skool). Figuur 1 tot 5 gee ’n oorsig oor die temas en subtemas wat uit die versamelde data verkry is. Al twee die kategorieë hou verband met aspekte in die seuns se mikrostelsel wanneer die individu ’n onmiddellike ondervinding of reaksie op ’n direkte manier ervaar (Visser 2007:25).

Die volgende afkortings word in die figure en bespreking gebruik, SGO: semigestruktureerde onderhoude; CI: collage-inhoud; FGO: fokusgroep onderhoud.

4.2.1 Kategorie 1: Persoonlike belewing van ouer se dood

Figuur 1 is ’n samevattende voorstelling van die deelnemers se persoonlike belewing van die dood van ’n ouer. Vier temas het ter sprake gekom, naamlik die belewing van die ouer se sterfdag, emosies gedurende die eerste maande/jaar na die ouer se dood, die hanteringsmeganismes wat die seuns gebruik het en die invloed van die dood van die ouer op die deelnemer se gesondheid en skoolwerk.

Figuur 1 . Kategorie 1: Persoonlike belewing van ouer se dood

Victor se woorde: “No easy day” is baie beskrywend van die deelnemers se belewenis van die besondere dag van die moeder se dood. Die sterfdag was gekenmerk deur emosies en kenmerkende gedrag en gedagtes. Die aanhalings uit die data soos in figuur 2 weergegee gee ’n aanduiding van die intense gevoelens van ongeloof, gebrokenheid, hartseer, verdriet, alleenheid, skok en woede wat die deelnemers op hulle moeders se sterfdag beleef het en sluit as sodanig aan by die tradisionele siening van rouverwerking.



Figuur 2. Emosies, gevoelens en gedrag op ouer se sterfdag

Die dood van ’n ouer, en spesifiek die dag waarop die ouer sterf, is duidelik een van die mees traumatiese belewenisse vir ’n kind is (Eppler 2008:195; Goodman, Morgan Juriga en Brown 2004:200; Morgan en Roberts 2010:207; Nguyen en Scott 2013:121; Yang 2012:5). Emosies van verslaentheid, verwarring, intense hartseer, woede, skok en ongeloof is algemene emosies wat deur die kind ervaar word (Dehlin en Martensson 2009:19; Thupayagale-Tshweneagae 2012:7).

Ashley en Gavin het emosies van hartseer aangedui, terwyl Gavin en Victor se hartseer met woede gepaard gegaan het. Gevoelens van eensaamheid en ongeloof het ook na vore gekom. Die intense gevoelens van ongeloof en woede word ten beste deur Gavin se bespreking van sy collage gegee:

> Soos ek hier geplak het “Burst in red”. Immmm, is die dag toe dit gebeur het, ek was kwaad ek was woedend ek wil dit nie geglo het nie. En hier wat staan “DREAM” dit het vir my gelyk asof ek droom ..., dit was nie waar nie, dit kan ook nie waar gewees het nie, maar later van tyd het ek besef dat dit het nou klaar gebeur ek kan niks daaraan doen nie. (Gavin, FGO:110–1)

Die deelnemers was ook in staat om die plek waar hulle was en die aktiwiteit waarmee hulle besig was toe hulle die doodstyding ontvang het, in besonderhede te beskryf. Drie van die seuns het hulle moeders gedurende ’n skoolweek verloor, terwyl die ander twee hulle

moeders gedurende ’n skoolvakansie verloor het. Victor was besig om te studeer toe sy moeder in die tuin inmekaar gesak en gesterf het. Kurt het van die skool af gekom en in die son gesit toe sy neef die tyding bring dat sy ma onder in die straat inmekaar gesak het. Ashley se moeder het ’n lang siekbed gehad, maar haar dood was vir hom ’n skok, want hy het haar by die versorgingseenheid gaan besoek en toe gevind dat sy reeds dood is. Gavin se moeder het tuis inmekaar gesak en is in die hospitaal opgeneem, waar sy oorlede is terwyl hy in die skool was.

Hierdie seuns het hulle rou deur gevoelens, denke en gedrag uitgedruk:

> Victor: By haar dood het ek sleg gevoel, immmmm, ek wou myself ... ek het skuldig gevoel oor goed wat ... asof dit my skuld is en soe... Ek wou myself soos dié prentjie verdrink het. By haar dood wou ek ook net wegry, weg van die familie af en soe ... dis ... ek wou soos in alleen wees, ek het gehuil ... op ’n stadium gebid, ek was kwaad. Immm, elke dag was nie maklik nie. (Victor, FGO:83–4)

(Dit strook ook met Jeffreys 2005:41 se bevindings.) Hierdie beskrywing van Victor dui op verslaentheid en ’n gevoel van moedeloosheid – gevoelens wat sentraal staan in al die seuns se weergawes van die belewing van hulle moeders se sterfdag. Dehlin en Martensson (2009:19), asook Thupayagale-Tshweneagae (2012:5), het in hulle studies gevoelens van “dat dit die einde van die wêreld is” by adolessente aangetoon.

Bevraagtekening by die dood van ’n geliefde is ’n algemene verskynsel: “WHY ME?” (Gavin, collage-opskrif). “Ek het gevoel hoekom moet dit met my gebeur het en nie met iemand anders nie of dit kan miskien later gebeur het. En hier staan: ‘I’d like to know’ – ek wil graag weet hoekom het dit gebeur met my” (Gavin, FGO:115–6).

Die emosies, gedrag en denke wat in die seuns se weergawes van hulle belewing stem ooreen met literatuurbevindings (Dehlin en Martensson 2009:20; Nghonyhama 2008:102; Schultz 2007:34; Thupayagale-Tshweneagae 2012:6).

Die tweede tema (figuur 3) gee ’n aanduiding van die seuns se emosionele reis ná die dood van hulle moeders en sluit elemente van die tradisionele siening van rouverwerking in.

Figuur 3. Emosies en optrede gedurende die eerste maande/jaar na die ouer se dood

Emosies van woede, kwaad wees en hartseer is telkens saam in die deelnemers se beskrywing van hulle emosies gedurende hulle rouproses aangedui. Twee van die seuns toon aan dat hulle ontsteld en kwaad geraak het wanneer hulle ander kinders saam met dié se moeders gesien het. In Victor se woorde: "Ek was kwaad, hartseer … kwaad ja, want almal is anderste … hulle het nog hulle ouers gehad" (Victor, SGO:185) Dieselfde emosies is deur sy collage-opskrif verwoord: "I got really, really angry: It's sad to say goodbye, but my life has changed."

Woede en hartseer word ook in die literatuur as tipiese emosionele reaksies aangetoon (Eppler 2008:195). Die woede blyk nie slegs teen die afgestorwe ouer en versorgers nie, maar ook teenoor God – God word blameer vir hulle verlies van ouers omdat hulle verlate voel (Thupayagale-Tshweneage 2012:6).

Doodsverlies is nie net 'n eenmalige pynlike gebeurtenis nie, maar 'n voortdurende proses van aanpassing (Pereira-Webber en Pereira-Webber 2012:112; Yang 2012:8).

Kinders wat rou, het 'n verdere uitdaging om hulle verlies te aanvaar, te verwerk en te hanteer, terwyl hulle voortgaan om hulle normale aktiwiteite uit te voer en die normale ontwikkelingsmylpale te bereik (Keenan 2014:21; Leighton 2008:25). Die bevindinge van Bugge, Haugstvedt, Røkholt, Darbyshire en Helseth (2012:2166) toon dat adolessente tydens die verlies van 'n ouer 'n innerlike stryd voer en onder hulle fasade van in beheer wees, liggaamlike pyn, angstigheid en voortdurende pynlike gedagtes oor die afgestorwe ouer ervaar. Dehlin en Martensson (2009:20) het bevind dat adolessente voortdurend daarna gestreef het om die atmosfeer tuis goed te hou en dat hulle dikwels moes voorgee dat alles wel is.

Drie van die deelnemers aan hierdie studie het duidelik uitgebeeld dat dit moeilik was om aan ander te wys dat hulle emosioneel swaarkry. Lafreniere en Cain (2015:249) het in hulle navorsing met 35 adolessente bevind dat die meerderheid verkies het om nie hulle verdriet met maats te deel nie, maar wel die teenwoordigheid van ander as ondersteuning ervaar het. 'n Gevoel van voorgee en dapperheid dat alles goed en wel is, is in die deelnemers aan hierdie studie se besprekings te bespeur.

> Aan die begin was dit altyd ... immm ... my juffrou in graad 8 het altyd gesê ek wil nie wys dat daar emosies is nie. As ek nou op die dag ... nou voel ... ag dis maar een van daai dae, dan sal ek dit nie altyd wys nie. Ek sal maar net 'n "pretending smile" opsit. (Steve, SGO:162–4)

Hierdie gedagte word verder versterk tydens die bespreking van die collage: "En die ou hier wat 'smile', hy het 'n goeie 'smile' maar in sy oë kan jy sien dat dit is 'n voorgee-'smile', want in hom diep is daar hartseer." (Steve, FGO:20)

Al vyf die seuns het moeilik tot die aanvaarding van hulle moeders se dood gekom. Die bevinding is in ooreenstemming met die literatuur wat aandui dat adolessente intense verlange na hulle afgestorwe ouer ervaar en dit moeilik vind om die verlies te aanvaar (Dehlin en Martensson 2009:19; Meyer 2013:4; Spuij, Reitz, Prinzie, Stikkelbroek, De Roos en Boelen 2012:677) en dat indien die verlies nie verwerk word nie, dit traumatiese rou tot gevolg kan hê (McClatchey, Vonk, Lee en Bride 2014:70).

Spirituele sienings het vir sommige van die deelnemers aanvaarding gebring. In Kurt se woorde (FBO:106): “Hy’t geslaan en ons moet dit maar aanvaar”, en Steve sê:

> Dit was baie moeilik, maar soos hulle mos sê daar is ’n doel met alles in die lewe en daar is ’n rede vir alles. So, ek het dit maar aanvaar, dis maar net ’n rede vir God. Hy het ’n doel met alles en almal gaan maar daardeur. Soms gaan dit maar net op ’n vroeër stadium en ander, ’n later stadium. Dis net om ’n sterker persoon vir die toekoms te maak. (Steve, SGO:95–8)

Religieuse hantering van die dood word met talle positiewe uitkomste geassosieer wat verhoogde lewensgehalte, psigososiale vaardighede, ’n verhoogde selfbeeld sowel as afname in depressie en sielkundige ongemak insluit (Brechting en Giancola 2006:2166; Leighton 2008:25; Schaal e.a. 2014:476;). ’n Meer kontemporêre siening is dat aanvaarding van die dood van die moeder dikwels gepaardgaan met ’n nuwe lewensuitkyk en ’n strewe na ’n voortgesette band met haar (Neimeyer, Klass en Dennis 2014:495; Yang 2012:4).

Spirituele oortuigings het in sommige gevalle die seuns gehelp om sin te maak van hulle verlies:

> Ek het vrede gemaak met die feit dat sy nie meer hier is nie, maar in my hart sal sy voortleef en my doel is om haar gelukkig te maak eendag ... dat sy ’n trotse moeder sal gewees het ... as ek eendag suksesvol is in die lewe. Dis maar basies waarna ek streef. (Steve, SGO:144–5)

Vertwyfeling en vrae was egter nie uitgesluit by die seuns nie. Victor sê: “Ek het ook vir my vrae gevra, hoekom het die Here dit aan my gedoen? Wat het ek gedoen om dit te verdien? Al daai soorte vrae, maar ons moet maar ... dis ook maar hoe die Here werk.” (Victor, FGO:181–3) En Gavin: “En hier wat staan ‘I’d like to know.’ Ek wil graag weet hoekom het dit gebeur met my” (Gavin, FGO:116–20).

Intense gevoelens van alleenheid en verlange het in die data na vore gekom en die seuns het veral op spesiale tye en tydens groot gebeurtenisse intens na hulle moeders verlang. Hierdie verlange is soos volg verwoord:

> En hier staan “DANCE” ... is omdat my ma het ook gehou van dans en sy’t daarvan gehou as ek ook gedans het. En hier wat staan “MISS MOTHER’S SENT” ... soos ek sommige dae dan mis ek net daai reuk, sy het so ’n spesiale reuk gehad. (Gavin, FGO:120–2)

> Ek in die prentjie waar die ouer en haar kind saam is, wil ek net weet van hoe, dat die dag toe ek verjaar en soe ... om elke dag te dink, elke keer as ek verjaar dan dink ek aan my ma hoe sy my gedra het vir daai nege maande of so en hoe sy daar was vir my. (Victor FGO:83)

Hierdie bevindinge strook met bevindinge uit ander studies (Dehlin en Martensson 2009:17; Nghonyama 2008:106; Schultz 2007:28; Spuij e.a. 2012:677; Thupayagale-Tshweneage 2012:6). Verder blyk ’n behoefte van die seuns om alleen te wees en hulle af te sonder van familie, gesinslede, vriende en aktiwiteite wat ook in ooreenstemming met literatuurbevindinge is (Dehlin en Martensson 2009:20).

Christ, Siegel en Christ (2002:1273), Jeffreys (2005:40–1) en Yang (2012:7) dui aan dat adolessente dikwels skuldgevoelens na die dood van ’n ouer ervaar. Drie van die deelnemers aan hierdie studie het ook verwys na gevoelens van selfverwyt, spyt en skuld: “Ek was spyt omdat ek partykeer onbeskof saam met haar gewees het” (Gavin, SGO:44–5) en “By haar dood het ek sleg gevoel, immmm ... ek wou myself ... ek het skuldig gevoel oor goed wat ... asof dit my skuld is en soe” (Victor, FGO:83).

Die seuns se vrese en bekommernisse het veral verband gehou met verlies aan moederlike versorging, omgee en ondersteuning. Victor (SGO:191) sê: “My ma is oorlede, sy was die enigste een wat my, wat na my gekyk het en soe.” Ook Gavin (SGO:196) se bekommernis spreek vanself: “Ek was bekommerd oor my toekoms. Ek het gedink wie gaan my nou uithelp en so”, en so ook Ashley (SGO:176) se vrees: “My grootste bekommernis was by wie gaan ek nou bly en wie gaan nou vir my die dinge gee wat my ma vir my gegee het en die moederliefde wat ek nou moet kry. Dis al waaroor ek gevrees het.” Die adolessente seuns in Meyer (2013:4) sowel as in Zafar en Mushir (2012:101) en LaFreniere en Cain (2015:245) se studies het aangedui dat hulle nie slegs fisieke verliese ervaar het nie, maar ook emosionele en sielkundige verliese, aangesien hulle nie meer iemand gehad het wat hulle ondersteun, liefhet en leiding gee nie.

Die deelnemers se rouproses word gekenmerk deur ’n verskeidenheid hanteringsmeganismes (tema 3) om die verlies van ’n moeder te bowe te kom. Alhoewel die dood van ’n ouer ’n uiters stresvolle gebeurtenis is, is die meerderheid kinders tog in staat om hulle daaglikse aktiwiteite tuis en by die skool voort te sit en om vriendskappe en gesinsverhoudings in stand te hou (Dopp en Cain 2012:45). Die hanteringsmeganismes wat deur die seuns in hierdie studie gebruik is om hulle verlies te bowe te kom word in figuur 4 aangetoon.

Figuur 4. Hanteringsmeganismes

Die deelnemers het aangedui dat hulle ’n positiewe lewensuitkyk en groter waardering vir ander asook die afgestorwe ouer ontwikkel het. Hierdie bevinding strook met die bevindinge van Dehlin en Martensson (2009:21) en Schultz (2007:32). Navorsing toon verder dat indien

daar ’n hegte verhouding tussen ’n ouer en kind voor die skeiding was, dit aanleiding gee tot toenemende introspeksie en die herstrukturering van waardes en prioriteite en gevolglike persoonlike groei (Neimeyer e.a. 2014:496; Root en Exline 2014:7).

Die seuns het aangedui dat die verlies van hulle moeders hulle in staat gestel het om beter keuses te maak en harder te werk om sukses te bereik. Steve verwoord sy ingesteldheid soos volg:

> Dit het my tot beter dinge in staat gestel. Aan die begin was dit maar baie swaar ... alles moet maar gekom het en gegaan het soos dit is, maar later het ek ... dit het my ’n sterker persoon en karakter gemaak en selfs in sport as ek miskien ... as ek nie die week in die beginspan is nie, sal ek altyd harder werk vir die volgende. Of ek sal altyd die ekstra insit om beter resultate aan die einde te kry. In skoolwerk ook ek sal altyd harder werk, miskien wiskunde ... ek sal my altyd “challenge” om die antwoord so gou as moontlik te kry sodat ek die werk so gou as moontlik kan verstaan. En ek sal altyd ure insit by belangrike vakke om die vrugte daarvan te pluk aan die einde. (SGO:209–12)

Hier is ook sprake van die ontwikkeling van ’n groter verantwoordelikheidsin en meer volwassenheid na die verlies van hulle moeders. Hierdie bevinding stem ooreen met die bevindinge van verskeie studies (Dehlin en Martensson 2009:21; Meyer 2013:4; Nghonyhama 2008:102; Thupayagale-Tshweneage 2012:6).

’n Spirituele siening van hulle verlies het duidelik in drie van die seuns se refleksies na vore gekom: “Want ek weet dat die Here nie my ma gevat het as daar nie ’n goeie rede was nie” (Victor, SGO:107) en “Dis maar net God se plan vir ons vir ’n sterker toekoms en ’n wyser toekoms vir ons om beter besluite te neem” (Steve, FGO:145). Kurt openbaar innerlike sterkte met die volgende woorde:

> Soes ek nou vir juffrou kan sê ... hoe kan ek nou sê ... almal het sy tyd wanneer hulle moet gaan en ek het vrede gemaak daarmee soos elkeen op aarde het sy tyd wanneer hy moet gaan ... baie keer moet ’n mens vrede maak met dit wat gebeur het. (Kurt, SGO:145)

Ongelukkig het sommige van die seuns hulle verlies op ’n negatiewe wyse verwerk deur dwelmgebruik en gedragsprobleme. Hierdie wyse van optrede het ’n direkte invloed op hulle akademiese vordering en verhoudinge met gesinslede en opvoeders gehad. Dit blyk egter dat hulle wel insig in hulle gedrag getoon het, soos deur die volgende aanhalings aangedui:

> Jy voel agteruit, jy voel daar’s niemand meer nie en soos ek het die sport gelos, my sokker het ek gelos ek het uitgeval by rugby ek het verkeerde goete gedoen wat ek nie moet gedoen het nie, en wat ek nooit eers voorheen, toe my ma gelewe het, gedink het om dit te doen nie (Ashley, FGO:147). Ek het dagga gerook, omdat dit jou meer kalm laat voel en jy’t vergeet van die dinge ... dit maak vir jou dat jy minder stres en senuweeagtig is. (Ashley, SGO:107)

> En, immm ... dit het my ook laat besef dat as my ma nie daar is nie moet ek nie moed opgee en ... immmm verkeerde dinge doen en my gewoontes los wat ek gedoen het en

> minder ... immm hoe kan ek nou sê, swakker te vaar in my skoolwerk en soe nie. (Gavin FGO:173)

Die seuns het ook deelname aan sportaktiwiteite aangedui as ’n manier van verlieshantering. Volgens Meehan, Perison en Fridjhon (2007:556) is die wyse waarop adolessente stresvolle situasies hanteer ’n belangrike komponent van gesondheid en welstand. Nguyen en Scott (2013:197) wys op die doeltreffendheid van fisieke aktiwiteite om die risiko van angs en depressie te verminder.

Die adolessente het aangetoon dat hulle ’n behoefte gehad het om alleen te wees, hulle onttrek het van hulle vriende en hulself afgesonder het. Hulle wou aan die einde van die skooldag ’n plek van vrede en stilte hê. Kurt (FGO:175) sê: “Somtyds wil ek weghardloop van almal af en net my eie ding doen en somtyds voel dit vir my dat ek wil net rustig wees.” Ashley (FGO:130) wys in sy collage: “Die prentjie wat ek nou eintlik hier geplak het verteenwoordig nou die eensaamheid en somtye wil jy alleen wees en jy’t nie tyd vir mense rondom jou nie.” In Dehlin en Matensson (2009:20) se studie het adolessente gevoelens van alleenheid en isolasie beskryf, selfs al het hulle ondersteuning van familie en vriende ontvang.

Besig wees en werk is ook beskou as ’n manier om hulle verlies te hanteer. Victor bely: “Ek oorwerk my maar dat ek nie aan daai dinges ... hartseer dink nie” (Victor, FGO:88), terwyl Steve sy toevlug tot musiek geneem het:

> Musiek is ’n baie belangrike deel van my lewe, want dit motiveer my ook tot beter dinge en dit help my soms in situasies wat ek nie weet watter kant toe nie. Musiek was nie op daardie stadium vir my belangrik nie, maar nou gebruik ek musiek vir die emosies dan luister ek na die “lyrics”. (Steve SGO:33–5)

Gassin en Legel (2014:466) bevind dat die voortgesette band met die afgestorwe ouer ’n positiewe invloed op die kind het. Kinders hoop om hulle verhouding met die afgestorwe ouer in stand te hou en dat hulle steeds op ’n emosionele wyse met daardie ouer verbind is (Currier, Irish, Neimeyer en Foster 2014:201; Dehlin en Martensson 2009:24). Die deelnemende seuns het die voortgesette verhouding met hulle afgestorwe ouer beklemtoon en dit blyk dat die band die seuns help om hulle verlies te hanteer: “Want immm ... die verband tussen ’n kind en sy ouer sal nooit verdwyn nie” (Gavin, SGO:121).

Uit Victor se collage:

> Ek het die olifant en die kind gevat want dit verteenwoordig die dae wat ek en my ma saam gespandeer het, hoe sy my gehelp het hoe om uit moeilike situasies uit te kom en die ondersteuning wat sy vir my gegee het ... toe sy nog daar was. Dat die dag toe ek verjaar, en soe, om elke dag te dink ... elke keer as ek verjaar dan dink ek aan my ma. (Victor, FGO:82–3)

Seuns steek dikwels hulle emosies weg en gee voor dat hulle die dood van ’n ouer kan hanteer (Balk en Corr 1996:15; McNess 2008:26; Tyson-Rawson 1996:157). Die seuns in hierdie navorsing was in staat om tydens die semigestruktureerde individuele onderhoude met gemak oor hulle emosies te praat, maar het nie so gemaklik tydens die fokusgroeponderhoud oor hulle collages gepraat nie. Die meerderheid van die seuns het aangedui dat dit belangrik

is om oor hulle verlies te praat, maar dat hulle dit moeilik vind om emosies voor ander te toon want ander mag dalk “lag”, “oor jou ‘worry’” of dink jy is ’n “sissy” as jy dalk huil.

> Vir my was dit nou ... net ek moet nou net sterk wees en ek ... vir my was dit ... voor mense gaan ek spesifiek nie huil nie. Ek sal my eerder in my kamer toemaak dan sal dan sal ek alleen sit en huil. Maar voor mense gaan ek nie huil nie. (Ashley, SGO:152–4)

Steve sê: “Soms moet ons daaroor praat, maar as jy voel die dag is net nie vir jou nie, dan is jy baie eensaam, maar onthou daar is baie ondersteuning van geliefdes.”

Slegs twee van die seuns het berading ontvang na die dood van hulle moeders, terwyl die fokusgroeponderhoud aan die seuns geleentheid gebied het om vir die eerste keer werklik oor hulle verlies te praat. Tydens die fokusgroeponderhoud het die seuns mekaar ondersteun, waarde gevoeg tot mekaar se sienings en belewenisse en mekaar bemoedig.

> Die sessie het vir my nogals baie beteken om te kan sê ... ander tye het ek baie ... die storie met die dood het my aanmekaar gepla ... wat ek uitgevind het ... hoe meer jy oor jou ouer praat ... dis amper ... later aan die begin jy te vergeet dat jou ouer dood is en vrede te maak daarmee dat jou ouer dood is. En ek weet as jou ouer dood is, is jy in ’n baie nou spasie ... ons almal voel nou so ... (Ashley, FGO:186)

> Immm. Ek het besef dat ek is nie die enigste een wat ..., daar is ander wat ook ’n ma verloor het en ... immm ... die sessie het my ook gehelp om vorentoe te kyk en weg te kom van al die negatiwiteit wat in die gemeenskap aangaan En, immm ... dit het my ook laat besef dat as my ma nie daar is nie moet ek nie moed opgee en ... immm ... verkeerde dinge doen en my gewoontes los wat ek gedoen het nie en minder ... immm ... hoe kan ek nou sê, swakker te vaar in my skoolwerk en soe nie, en dit het my laat besef dit is nie wat my ma sou wou gehê het nie, en ek moet nou vorentoe werk sodat ek wanneer ek eendag groot is my sustertjies kan help om deur hierdie situasie te kom. (Gavin FGO:172–4)

Navorsers beklemtoon die belangrikheid en waarde van ondersteuningsgroepe vir adolessente wat verlies beleef het (Eppler 2008:198; Garzouzie 2011:171; Hooyman en Kramer 2006:148; Hope en Hodge 2006:109). Die fokusgroep het vir die seuns ’n geleentheid geskep om oor hulle verlies te praat en sodoende belangrike ondersteuning in die hantering van hulle verlies gebied.

Die laaste tema waarop gelet is, was die invloed van ’n ouer se dood op die kind se gesondheid en skoolwerk. Volgens die literatuur kan die verlies van ’n ouer aanleiding gee tot akademiese agteruitgang (Eppler 2008:197; Meyer 2013:8; Nghonyama 2008:103; Thupayagale-Tshweneage 2012:7). Kurt, Steve en Victor is van mening dat die verlies van hulle moeders nie werklik ’n invloed op hulle skoolwerk gehad het nie, terwyl Ashley en Gavin se gedragsprobleme as gevolg van dwelmgebruik en hulle ingesteldheid wel hulle skoolwerk beïnvloed het. Afgesien van ’n verlies van konsentrasie wat deur Victor (SGO:247) aangedui is, het die seuns nie enige gesondheidsprobleme vermeld nie.

4.2.2 Kategorie 2: Ondersteuning (gesin en skool, mikrostelsels)

'n Tweede kategorie waaraan aandag in die ondersoek gegee is, is die ondersteuning wat die adolessente uit hulle direkte omgewing ontvang het. Vier temas en verskeie subtemas, naamlik ondersteuning deur klasmaats en vriende, ondersteuning deur onderwysers en die skool, ondersteuning deur professionele persone en ondersteuning deur die gesin en uitgebreide familie (figuur 5) is uit die versamelde data verkry.

Figuur 5. Kategorie 2: Ondersteuning (gesin en skool, mikrostelsels)

Al vyf die seuns het aangedui dat hulle tydens die rouproses baie ondersteuning van hulle vriende en klasmaats gekry het, maar dat dit van korte duur was. "Hulle het vir my gevra of ek OK is en gesê hulle is jammer dat my ma dood is" (Victor SGO:165).

In die bespreking van sy collage gee Ashley 'n intense beskrywing van sy emosionele toestand en die ondersteuning van sy vriende.

> En hier het ek nou drie prentjies van verskillende gesiggies geplak. Dié prent [ongelukkige gesiggie] verteenwoordig daai tyd wat ek in my kamer gesit en huil het en hier was ek ... ek was nog aan die kant van huil, maar bietjie gefrustreerd en kwaad en dis die tye wanneer my vriende vir my so bietjie aan die lag gemaak het, maar hier

> in jou binneste kant kan jy voel is nie ... jy is nie eintlik regtig gelukkig nie, want daar is iets wat jou pla en die dood het vir my en my ma apart geskeur. (Ashley, FGB:139)

Ook Kurt (SGO:120–1) verwys na die ondersteuning van sy vriende:

> My vriende was meestal daar vir my, hulle was met my, hulle het vir my gesê hulle gaan saam met my hierdeur ... hulle het gekom by die huis en so aan. Baie het vir my kom kuier en gevra is ek OK het ek nie hulp nodig nie of wat kan ons vir jou doen ... hulle het baie omgegee en so aan.

Die portuurgroep is ’n belangrike bron van ondersteuning vir die kind in rou (Thupayagale-Tshweneagae 2012:7; Weymont en Rae 2006:5). Die ondersteuning van die skool en portuurgroep is veral belangrik as in ag geneem word dat die treurende adolessent homself van die gesin kan onttrek of dat die oorblywende ouer so oorstuur is dat hy of sy dikwels nie in staat is om voldoende aandag aan die kinders te gee nie (LaFreniere en Cain 2015:248; Weymont en Rae 2006:5).

Uit die ingesamelde data blyk dit dat daar nie werklik goeie kommunikasie of interaksie tussen die skool en die oorblywende ouer/voog na die ouer se dood was nie (tema 2). Die skool het egter wel ’n hand uitgereik, soos blyk uit Victor (SGO:251) se woorde: “Daar was ’n juffrou wat na ons huis toe gekom het om te sê sy ondersteun ons en sy is daar as ons haar nodig het.” Van die seuns was egter ook geneig om hulle verdriet op hulle eie te hanteer. Steve sê: “Maar nou dat ek in graad 9 is, is die onderwysers ... hulle kan gou die tekens optel. So as hulle vra wat die probleem is dan sal ek sê dis maar net een van daai dae, maar ek sal dit vir myself hou” (Steve SGO:164).

Onderwysers het ’n belangrike rol in die ondersteuning van kinders wat ’n ouer aan die dood afgestaan het (Pereira-Webber en Pereira-Webber 2014:103). Alhoewel sommige kinders ’n selfbeheptheid-benadering verkies (Rask, Kaunonen en Paunonen-Ilmonen 2002:137) en reken dat selfs die teenwoordigheid van ander mense as ondersteuning dien (LaFreniere en Cain 2015:249), het onderwysers ’n belangrike taak om adolessente by te staan om hulle verdriet te oorkom en sodoende voortdurende rou te voorkom.

Dit is verontrustend dat Nghonyama (2008:105) in haar studie in ’n Suid-Afrikaanse konteks bevind het dat die adolessente deelnemers geen ondersteuning in hulle hantering van ’n ouer se dood van die skoolgemeenskap ontvang het nie.

Ondersteuning deur lede van die gesin en die uitgebreide familie (tema 3) kan die verdriet van die bedroefdes verlig. In Steve se woorde: “... en soms het ’n mens net daai ondersteuning nodig van geliefdes. Dat jy net daardeur kan kom” (Steve, FGO:24–5). Uit die individuele onderhoude blyk dit dat die seuns tot ’n mate deur hulle familie ondersteun is, maar slegs twee van hulle het ’n goeie verhouding en ondersteuning van die oorblywende ouer gekry.

Die mate waarin mense gemaklik voel om hulle emosies van rou te toon hou verband met die emosionele klimaat in hulle gesin en kultuur. Kinders wat deur hulle gesin en gemeenskap ondersteun word, hanteer verlies beter as andersins (Jeffreys 2005:46). Kurt se illustrasie in sy collage is in ooreenstemming met die literatuur:

> En ondersteuning ... soos die prentjie ... ’n ondersteuning van mense wat jou vashou en vir jou sê dat hulle lief is vir jou en soos dié man ... En daar is nog mense wat vir jou omgee al lyk dit nie so nie. Baie is daar ... ondersteuning van familie en vriende. (Kurt FGO:178–9)

En die volgende hartseer en ondersteuning spreek uit die onderhoud met Kurt:

> As daai verlange kom en die swaarheid kom weer op my ... ek kan dit nie meer hanteer of so nie ... dan gaan ek altyd na my antie toe en ek verduidelik haar hoe ek voel en ek maak my hart skoon en ek huil my hart uit en sy huil saam met my en sy’s daar om my vas te hou en sy sê vir my dat jou ma was so en so ’n vrou ... en sy praat altyd moed in. As ek vir haar sien, sien ek my ma ook ... dan is ek weer tevrede. (Kurt SGO:91)

Die verhouding met die oorblywende ouer oefen ook ’n groot invloed op adolessente se persepsie van ondersteuning en gevoel van geborgenheid uit (Stokes, Reid en Cook 2009:185). Volgens die literatuur is dit moontlik dat die adolessent wegskram van ondersteuning deur die oorblywende ouer (Dehlin en Martensson 2009:20), dat die oorblywende ouer ’n bron van stres vir die adolessent word (Rask e.a. 2002:137; Yang 2012:6), of dat die adolessent sy hartseer onderdruk omdat die oorblywende ouer openlik afhanklik raak van die kind (Goodman e.a. 2004:200).

Professionele hulpverlening aan adolessente (tema 4) dra daartoe by dat hulle begrip en hulp verkry om die rouproses te deurloop. Kurt en Steve het berading ontvang na die dood van hulle moeders en albei het die ondersteuning positief ervaar en die waarde daarvan beklemtoon. Kurt se woorde: “Dis ’n baie goeie idee om vir berading te gaan. Ja, dit was baie goed ... ek het goed gevoel en ek het gevoel my hart is leeg. Ek het my hart uitgepraat en ek is net bly dat daar mense is wat vir my omgee” (Kurt FGB:178).

Die deelnemers was aanvanklik ongemaklik om emosies voor hulle maats te toon. Die deelnemers aan Dehlin en Martensson (2009:20) se studie wat ná die siekte en sterfte van hulle ouers terapie ondergaan het, het die waarde van professionele hulp aangedui. Dyregrov, Dyregrov en Johnson (2013:368) wys ook op positiewe resultate wat met groepterapie verkry is.

5. Gevolgtrekking

Die bevindinge van hierdie navorsing is tot ’n groot mate in ooreenstemming met die bevindinge van navorsing wat in die literatuur beskryf word. Elemente van sowel die tradisionele as die kontemporêre sienings van doodsaanvaarding het in die empiriese ondersoek na vore gekom. Die adolessente het deur die bekende fases van rou gegaan, maar het ook die hedendaagse siening aangedui, naamlik dat aanvaarding van die dood van die moeder dikwels gepaardgaan met ’n nuwe lewensuitkyk en ’n strewe na ’n voortgesette band met haar.

Alhoewel die deelnemers getuig van ondersteuning van geliefdes en onderwysers, ervaar die navorsers ’n gevoel dat daar oppervlakkige hulpverlening op die vlak van die mikrostelsels

bestaan. Hierdie gevoel word bevestig deur die deelnemers se waardering vir die aktiwiteite wat tydens die navorsing met die adolessente gedoen is, en die bekentenis dat dit tot die verwerking van hulle verlies bygedra het.

Dit kan as ’n tekortkoming gesien word dat die navorsingsverslag op ’n kleinskaalse ondersoek in ’n bepaalde geografiese omgewing berus en die resultate gevolglik nie tot alle adolessente in arm woonbeurte veralgemeen kan word nie. Die kwalitatiewe aard van die navorsing moet egter in gedagte gehou word, sowel as die waarde van persoonlike indringende onderhoude ter verkryging van ryk beskrywings oor die adolessente se belewing en waarnemings. ’n Verdere tekortkoming in die navorsing is dat dit op retrospektiewe weergawes berus en die moontlikheid bestaan dat die deelnemers op hulle geheue moet staat maak en dat die persepsies met verloop van tyd kon verander het.

Die uitkoms van hierdie navorsing kan ’n bydrae lewer tot die veld van opvoedkundige sielkunde wat betref die adolessente seun se belewing van die dood van ’n ouer, sowel as om ’n bewussyn by skoolpersoneel te ontwikkel ten opsigte van die adolessente seun se nood tydens die rouproses. Dit het bepaalde implikasies vir die praktyk: die oorblywende ouer en familielede (mikrostelsel) moet ingestel wees op die rouproses van die adolessent; onderwysers en opvoedkundige sielkundiges moet voldoende kennis hê van die simptome van rou en die gevolge van onverwerkte rou om in staat te wees om adolessente met probleme te identifiseer en te help; kurrikulums behoort aangepas te word om inligting aan adolessente te verskaf oor die dood en die rouproses. Dit is juis in hierdie mikro-omgewing waar daar doelbewus op die tekens van voortdurende rou gelet moet word. As daar nie aandag gegee word aan die adolessent se rouproses nie, kan dit lei tot skeidingspanning sowel as emosionele en gedragsprobleme. Verder kan onverwerkte rou aanleiding gee tot hoë vlakke van gebondenheid aan die afgestorwe ouer, veral by die skielike afsterwe van ’n geliefde (Schaal e.a. 2014:476, 479).

Die spesifiek kwalitatiewe navorsingsaard van hierdie ondersoek het nie net die verkenning van die seuns se belewing van die dood van ’n ouer op ’n informele wyse moontlik gemaak nie, maar het ook aan die navorsers geleentheid gebied om sensitiwiteit teenoor die deelnemers te toon. Verder blyk dit dat alhoewel dit nie die doel van die navorsing was nie, dit die seuns gehelp het om die dood van hulle moeders te verwerk.

Bibliografie

Archer, J. 2011. Theories of grief: past, present and future perspectives. In Stroebe, Hansson, Schut en Stroebe (reds.) 2011.

Babbie, E. 2010. *The practice of social research*. 12de uitgawe. Belmont: Wardsworth.

Balk, D.E. en C.A. Corr. 1996. Adolescents, developmental tasks and encounters with death and bereavement. In Corr en Balk (reds.) 1996.

Balk, D.E. en C.A Corr (reds.). 2009. *Adolescent encounters with death, bereavement and coping*. New York: Springer.

Bernard, H.R. 2000. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches*. Thousand Oaks, Londen, New Delhi: Sage.

Berns, R.M. 2013. *Child, family, school, community. Socialization and support*. 9de uitgawe. Australië, Japan, Korea, Singapoer, Spanje, Verenigde Koninkryk: Wadsworth.

Brechting, E.H. en P.R. Giancola. 2006. A longitudinal study of coping strategies and substance use in adolescent boys. *Journal of Child & Adolescent Substance Abuse*, 16(2):51–67.

Bronfenbrenner, U. 1977. Toward an experimental ecology of human development. *American Psychologist*, 32(7):513─31.

Bugge, K.E., K.T.S. Haugstvedt, E.G. Røkholt, P. Darbyshire en S. Helseth. 2012. Adolescent bereavement: Embodied responses, coping and perceptions of a body awareness support programme. *Journal of Clinical Nursing*, 21(10):2160–9.

Carr, A. 2006. *The handbook of child and adolescent Clinical Psychology*. 2de uitgawe. Londen, New York: Routledge.

Christ, G.G., K. Siegel en A.E. Christ. 2002. Adolescent grief: "It never really hit me ... until it actually happened". *The Journal of American Medical Association*, 288(10):1269–78.

Coolican, H. 2006. *Introduction to research methods in psychology*. 3de uitgawe. Londen: Hodder Education.

Corbin, J. en A. Strauss. 2008. *Basics of qualitative research: Techniques to developing grounded theory*. 3de uitgawe. Los Angeles, Londen, New Delhi, Singapoer: Sage.

Corr, C.A. en D.E. Balk (reds.). 1996. *Handbook of adolescent death and bereavement*. New York: Springer.

Costello, J. 2012. Background to bereavement and bereavement care. In Wimpenny en Costello (reds.) 2012.

Creswell, J.W. 2008. *Research design: Qualitative, quantitative and mixed method approaches*. 2de uitgawe. Thousand Oaks, Londen, New Delhi, Singapoer: Sage.

Currier, J.M., J.E. Irish, R.A. Neimeyer en J.D. Foster. 2014. Attachment, continuing bonds, and complicated grief following violent loss: Testing a moderated model. *Death Studies*, 39(1–5):201–10.

Dehlin, L. en L. Martensson. 2009. Adolescents; experiences of a parent's serious illness and death. *Palliative and Supportive Care*, 7(1):13–25.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos (red.) 2005.

De Vos, A.S. (red.). 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.

Dopp, A.R. en A.C. Cain. 2012. The role of peer relationships in parental bereavement during childhood and adolescence. *Death Studies*, 36(1):41–60.

Dyregrov, D., A. Dyregrov en I. Johnson. 2013. Participants' recommendations for the ideal grief group. *Omega*, 67(4):363–77.

Earey, A. 2013. Parental experiences of support for pupils with dyslexia: Ignoring the effect on parents. *Support for Learning*, 28(1):35–40.

Eppler, C. 2008. Exploring themes of resiliency: After the death of a parent. *Professional School Counselling*, 11(3):189–98.

Garzouzie, G. 2011. The psychological experiences of grieving for adolescents recently bereaved of a parent. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit Stellenbosch.

Gassin, E.A. en G.J. Legel. 2014. Let me hear of your mercy in the mourning: Forgiveness, grief and continuing bonds. *Death Studies*, 38(7):465–75.

Giorgi, A. 2005. The phenomenological movement and research in the human sciences. *Nursing Science Quarterly*, 18(1):75–82.

Goodman, R.F., A.V. Morgan, S. Juriga en E.J. Brown. 2004. Letting the story unfold: A case study of client-centered therapy for childhood traumatic grief. *Harvard Review Psychiatry*, 12(4):199–212.

Henning, E., W. van Rensburg en B. Smith. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik.

Hennink, M., I. Hutter en A. Baily. 2011. *Qualitative research methods.* Groningen: Sage.

Hooyman, N.R. en B.J. Kramer. 2006. *Living through loss: Interventions across the life span*. New York: Columbia University Press.

Hope, R.M. en D.M. Hodge. 2006. Factors affecting children's adjustment to the death of a parent: The social work professional's viewpoint. *Child and Adolescent Social Work Journal*, 23(1):107–26.

Jeffreys, J. 2005. *Helping grieving people when tears are not enough: A handbook for care providers.* New York, Londen: Brunner-Routledge.

Keenan, A. 2014. Parental lost in early adolescence and its subsequent impact on adolescent development. *Journal of Child Psychotherapy*, 40(1):20–35.

LaFreniere, L. en A. Cain. 2015. Parentally bereaved children and adolescents: The question of peer support. *Omega*, 71(3):245–71.

Leedy, P.D. en J.E. Ormrod. 2010. *Practical Research*. Upper Saddle River, NJ: Pearson Education.

Leighton, S. 2008. Bereavement therapy with adolescents: Facilitating a process of spiritual growth. *Journal of Child and Adolescent Psychiatric Nursing*, 21(1):24–34.

Liamputtong, P. en D. Ezzy. 2005. *Qualitative research methods.* Oxford: Oxford University Press.

Louw, D. en A. Louw. 2007. *Die ontwikkeling van die kind en adolessent.* Bloemfontein: ABC Drukkers.

McClatchey, I.S., M.E. Vonk, J. Lee en B. Bride. 2014. Traumatic and complicated grief among children: One or two constructs? *Death Studies*, 38(2):69–78.

McClatchey, I.S. en J.S. Wimmer. 2012. Healing components of a bereavement camp: Children and adolescents give voice to their experiences. *Omega*, 65(1):11–32.

McNess, A. 2008. Happy to talk … to a point: Bereaved young men and emotional disclosure. *Youth Studies*, 27(4):25–34.

Meehan, S., A. Perison en P. Fridjhon. 2007. Suicide ideation in adolescent South Africans: The role of gender and coping strategies. *South African Journal of Psychology*, 37(3):552–7.

Meyer, J. 2013. Adolescent male orphans affected by HIV and AIDS, poverty and fatherlessness: a story of marginalisation? *Theological Studies*, 69(1)1–10.

Morgan, J.P. en J.E. Roberts. 2010. Helping bereaved children and adolescents: Strategies and implications for counsellors. *Journal of Mental Health Counselling*, 32(3):206–17.

Mouton, J. en H.C. Marais. 1992. *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: Human Sciences Research Council.

Neimeyer, R.A., D. Klass en M.R. Dennis. 2014. A social constructionist account of grief: Loss as the narration of meaning. *Death Studies*, 38(8):485–98.

Nghonyama, M.A. 2008. What are the effects of teacher-facilitated group work on bereaved adolescents? Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Suid Afrika.

Nguyen, H.T. en A.N. Scott. 2013. Self-concept and depression among children who experienced the death of a family member. *Death Studies*, 37(3):197–211.

Nickerson, A., R.A. Bryant, I.M. Aderka, D.E. Hinton en S.G. Hofmann. 2013. The impacts of parental loss and adverse parenting on mental health: Findings from the National Comorbidity Survey-Replication. *Psychological Trauma: Theory, Research, Practice, and Policy*, 5(2):119–27.

Oswalt, A. 2015. Urie Bronfenbrenner on child development. https://www.mentalhelp.net/articles/urie-bronfenbrenner-and-child-development/ (1 Junie 2016 geraadpleeg).

Pereira-Webber, C. en E. Pereira-Webber. 2014. Confirming life. *Studies in Education*, 11(1):102–21.

Pollack, W.S. 2006. The "war" for boys: Hearing "real boys'" voices, healing their pain. *Professional Psychology: Research and Practice*, 37(2):190–5.

Rask, K., M. Kaunonen en M. Paunonen-Ilmonen. 2002. Adolescent coping with grief after the death of a loved one. *International Journal of Nursing Practice*, 8(3):137–42.

Root, B.L. en J.J. Exline. 2014. The role of continuing bonds in coping with grief: Overview and future directions. *Death Studies*, 38(1):1–8.

Schaal, S., A. Richter en E. Thomas. 2014. Prolonged grief disorder and depression in a German community sample. *Death Studies*, 38(7):476–81.

Schultz, L.E. 2007. The influence of maternal loss on young women's experience of identity development in emerging adulthood. *Death Studies*, 31(1):31–49.

Shenton, A.K. 2004. Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for Information*, 22(2):63–75.

Spuij, M., E. Reitz, P. Prinzie, Y. Stikkelbroek, C. de Roos en P.A. Boelen. 2012. Distinctiveness of symptoms of prolonged grief, depression, and post-traumatic stress in bereaved children and adolescents. *European Child Adolescent Psychiatry*, 21(12):673–9.

Stokes, J., C. Reid en V. Cook. 2009. Life as an adolescent when a parent had died. In Balk en Corr (reds.) 2009.

Stroebe, M.S., R.O. Hansson, H. Schut en W. Stroebe (reds.). 2011. *Handbook of bereavement.* 1ste uitgawe. Washington: American Psychological Association.

Thompson, N. 2012. *Grief and its challenges*. Hampshire: Macmillan.

Thupayagale-Tshweneagae, G. 2012. Grieving experiences amongst adolescents orphaned by AIDS: Analysis from event history calendars. *Curationis*, 71(1)1–7.

Tyson-Rawson, K.J. 1996. Adolescent responses to the death of a parent. In Corr en Balk (reds.) 1996.

Visser, M. 2007. Systems theory. In Visser (red.) 2007.

Visser, M. (red.). 2007. *Contextualising community psychology in South Africa.* Pretoria: Van Schaik.

Wertz, F.J. 2005. Phenomenological research methods for counselling psychology. *Journal of Counseling Psychology*, 52(2):167–77.

Weymont, D. en T. Rae. 2006. *Supporting young people coping with grief, loss and death.* Londen: Sage.

Whitely, R. en M. Crawford. 2005. Qualitative research in psychiatry. *Canadian Journal in Psychiatry*, 50(2):108–14.

Wimpenny, P. en J. Costello (reds.). 2012. *Grief, loss and bereavement: Evidence and practice for health and social care practitioners.* New York: Routledge.

Yang, S. 2012. An autophotography of the young adult children of bereaved families in Korea. *Journal of Loss and Trauma,* 17(1):1–11.

Zafar, N. en T. Mushir. 2012. Emotional distress and coping strategies in university students after the death of a parental figure. *Journal of Behavioural Sciences*, 22(3):90–103.